# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 23 MEI 2023 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | |
|---|---|---|
| Rdh. R van Rooy | [DA] : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | |
|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] : | Speaker |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |
| Rdl. AJ Du Plooy | [DA] : | Voorsitter: MPAC (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. D Louw | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur |
| Mnr. C Davids | : | Hoof: Strategiese Dienste |
| Mev. A Lawrence | : | Hoof: Behuisingsadministrasie |
| Mnr. J Erasmus | : | Senior Superintendent: Elektries |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN019/05/2023**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna die Hoof: Strategiese Dienste die vergadering open met 'n gebed.

'n Spesiale verwelkoming word gerig aan die Voorsitter van MPAC (Artikel 79), Raadslid Du Plooy, en die afgevaardigde, Mnr. Willem van der Merwe van MOTLA.

***

**BKN020/05/2023**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadsheer Wessels - siekverlof
Bestuurder: Strategiese Dienste - siekverlof

***

**BKN021/05/2023**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Direkteur Finansiële Dienste verklaar sy kollektiewe belang by item BKN047.

***(Raadslid Moolman sluit aan om 09:15 en verklaar dat hy geen persoonlike belang het ingevolge Skedule 7 van die GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE).***

***

**BKN022/05/2023**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 18 APRIL 2023**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 18 April 2023, bekragtig word onderhewig aan die korrektheid van BKN023/04/2023.

***

**BKN023/05/2023**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 18 APRIL 2023**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)***

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Dinsdag 18 April 2023.

***

**BKN024/05/2023**
**<u>EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: BKN023/04/2023: DIREKTORAAT GEMEENSKAPSDIENSTE – ALGEMENE OPERASIONELE KWESSIES</u>**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Op navraag van Direkteur Gemeenskapsdienste insake BKN023/04/2023: Direktoraat Gemeenskapsdienste – Algemene Operasionele Kwessies onder punt 4 meld hy dat dit nie moontlik uitvoerbaar is vir die Wetstoepassingsafdeling om die taak te verrig nie en versoek die Voorsitter dat die Klerk: Komitees seker maak die notulering van die Gemeenskapsdienste staande komitee dieselfde is asook die bespreking in die Uitvoerende Burgemeesterskomitee van Dinsdag 18 April 2023 en dit aan hom voorlê vir regstelling in bogenoemde notule.

Raadsheer De Vries en Direkteur Korporatiewe Dienste bevestig dat die notulering korrek is en dat die uitvoerbaarheid aangespreek moet word indien dit ‘n probleem is.

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat die gesprek gevolg het dat die alarmstelsels by een sentrale punt (“Active Box”) gemonitor moet word.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Klerk: Komitees seker maak die notulering van die Gemeenskapsdienste staande komitee dieselfde is asook die bespreking in die Uitvoerende Burgemeesterskomitee van Dinsdag 18 April 2023 en dit aan die Voorsitter voorlê; en
2. Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste die moontlikheid ondersoek om die alarmstelsels by een sentrale punt (“Active Box”) te monitor.

***KLERK: KOMITEES (V WILLEMS)***

**DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE**

***

**BKN025/05/2023**
**<u>KORRUPSIE EN RISIKO’S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT</u>**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN026/05/2023**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Speaker doen die volgende mededelings:</u>

- Dat die volgende Raadsvergadering, soos geskeduleer vir Dinsdag 30 Mei 2023, uitgevat word na die gemeenskap en gereël word by die N Otto Gemeenskapsaal in Porterville om 18:00. Die Speaker sal die nodige logistieke reëlings kommunikeer sodra als gefinaliseer is;
- Hy bedank al die Raadslede en amptenare met spesifieke verwysing na mnr. J Koordom, mnr. H van Wyk en sy span asook die onderskeie werknemers/amptenare wat betrokke was met die reëlings vir die rugbywedstryd tussen die Boland Kavaliers en SWD soos gehou op Saterdag 20 Mei 2023 in Porterville; en

- Hy bedank die Wyksraadslid van wyk 1, Raadslid Du Plooy vir sy bydrae om die rugbywedstryd tussen die Boland Kavaliers en SWD suksesvol te laat geskied.

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Dat die Klerk: Komitees, Mev. V Willems, op Vrydag 19 Mei 2023 haar verjaarsdag gevier het en hy wens haar geluk en seëninge toe met haar verjaarsdag;
- Hy wens ook die onderskeie gemeenskapslede wat 'n verjaarsdag gevier het geluk met die vermeerdering van die jare;
- Hy bedank die Speaker en Boland Rugby Unie vir die uitreiking na die gemeenskap deur die rugbywedstryd tussen die Boland Kavaliers en SWD in die Bergrivier Munisipale Area te laat geskied;
- Hy bedank die Direkteur Gemeenskapsdienste, die Bestuurder Gemeenskapsfasiliteite, mnr. H van Wyk asook die onderskeie werknemers/amptenare wat die rugbywedstryd en dag moontlik gemaak het;
- Hy bedank die publiek, vir Peter Jooste, Jawaahier Petersen (Kaashifa van Suidooster), die Vise President van Suid-Afrikaanse Rugbyunie (SARU) asook al die ander kunstenaars wat die rugbywedstryd bygewoon het;
- Hy bedank die Wyksraadslid van wyk 1, Raadslid Du Plooy vir sy bydrae om die rugbywedstryd tussen die Boland Kavaliers en SWD suksesvol te laat geskied; en
- Hy meld dat daar 'n moord op Piket-Bo-Berg plaasgevind het en dat een oorlede is en die ander gewond en krities in die hospitaal is.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN027/05/2023**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: BERGRIVIER TARIEF STUDIE: MOTLA**
**3/3/1/5**
***('n Visuele voorlegging word gedoen deur Mnr. Willem van der Merwe)***

Die Direkteur: Tegniese Dienste lei die item kortliks in en stel die afvaardiging aan die vergadering bekend, waarna mnr. Willem van der Merwe die visuele verslag voorlê aan die Komiteelede ter kennisname.

Addisionele inligting word gelewer deur die Senior Superintendent: Elektries waarna hy meld dat die pad vorentoe is dat die Bergrivier tarief model vir goedkeuring voorgelê word by NERSA in September 2023. Dit moet gebeur alvorens die finale verslag by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad voorgelê word vir goedkeuring en die implementering daarvan.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die uiteensetting van die allokasie onder "variable maintenance", dat die spandering van onderhoud en instandhouding na gekyk moet word, die verskil tussen die huidige tarief en die voorgestelde tarief en die impak op die verbruiker wat per groep gekategoriseer moet word deel uitmaak van die finale verslag.

**KENNIS GENEEM**

***

(***Die Voorsitter bedank die afvaardiging vir die voorlegging, waarna die Senior Superintendent: Elektries en die afvaardiging die vergadering verlaat om 10:11).***

**BKN028/05/2023**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN029/05/2023**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: NEW MUNICIPAL BUILDINGS FOR BERGRIVIER MUNICIPALITY**
**9/1/2**

Die Direkteur: Tegniese Dienste lei die item kortliks in.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy frustrasie uit rakende die gebrek aan sketse wat die volledige beplanning, kostebepaling en spandering vir die uitbreiding van addisionele munisipale kantoorgeboue vir Piketberg beplan word, die gebrek aan beplanning vir Porterville en Velddrif se addisionele munisipale kantoorgeboue waarvoor daar nie begroot was nie, die stadige spoed van die beplanningsproses vir die projek.

Die Speaker en Uitvoerende Burgemeester versoek 'n uiteensetting van die bestelling vir die aangestelde konsultant om te verseker wat die bestelling behels.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

Op navraag van Raadslid Daniels dat die beplanning van addisionele kantoorgeboue by van Fase 2 ingesluit word meld die Uitvoerende Burgemeester dat Direksie die aangeleentheid moet aanspreek.

***DIREKSIE***

**RESOLUTION**

1. That the sketches be presented to the next Executive Mayoral Committee as scheduled for Tuesday 30 May 2023 to make an informed decision; and
2. That the Executive Mayoral Committee therefore will not proceed with the procurement of the Old Bank Building.

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

***

**BKN030/05/2023**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: (DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE) PROCUREMENT PLAN: KAPITAAL SPANDERING**
**9/1/2**
***(Die Kapitaalverslag word visueel vertoon)***

Die Voorsitter lei die item in en spreek sy kommer uit rakende die onderskeie kapitaalprojekte wat geen spandering toon nie.

Die Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur gee breedvoerig 'n oorsig rakende die Kapitaalverslag van alle direktorate en meld haar kommer rakende alle fakture wat ingehandig moet word voor 30 Junie 2023.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die voltooiing van die waternetwerk projek en die probleme wat ervaar word met die netbalbane.

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat hy alle direktorate se spandering sal monitor teen einde Junie om te verseker dat alle fondse spandeer is soos begroot en dat die Uitvoerende Burgemeester en Raadsheer De Vries 'n gesprek sal fasiliteer rakende die probleemareas wat uitgewys is in 'n verslag by die netbalbane.

**BESLUIT**

1. Dat die Finansiële Dienste direktoraat moet toesien dat die onderskeie direktorate se kapitaalprojekte op die "Procurement Plan" op datum moet wees; en
2. Dat die Finansiële Dienste direktoraat moet volstaan by die datums soos goedgekeur op die "Procurement Plan".

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN031/05/2023**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: (DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE) SEKURITEITSPLAN GEDURENDE BEURTKRAG**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in en spreek sy kommer uit dat daar geen Sekuriteitsplan is nie met spesifieke verwysing om te verhoed dat inbrake en vandalisering by Bergrivier geboue plaasvind.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek 'n kostebepaling om die alarms en kameras na die "Active Box" te "link". Hy verosek voorts dat daar gekyk moet word na beligting by Bergrivier Munisipale geboue, en dan moet daar gekyk word na solar by Bergrivier Munisipale geboue. Dat gereelde informasie formuleer word en voorgelê word by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die Direkteur: Tegniese Dienste die volledige lys van elektriese behoeftes aan Direksie voorsien vir bespreking by die volgende Direksievergadering soos geskeduleer vir Maandag 29 Mei 2023 ten einde 'n prioriteitslys op te stel vir die uitvoering daarvan; ***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***
2. Dat die Direksie insette moet lewer teen Vrydag 26 Mei 2023 rakende hul prioriteite in hul onderskeie direktorate vir bespreking by die volgende Direksievergadering soos geskeduleer vir Maandag 29 Mei 2023; ***DIREKSIE***
3. Dat die Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur 'n volledige lys aan Direksie voorsien rakende die inbrake om die "hotspots" te identifiseer en te prioritiseer; ***BESTUURDER: UITGAWES EN VOORSIENINGS-KANAALBESTUUR***
4. Dat die moontlikheid ondersoek word dat die onderskeie direktorate se fondse met verwysing na sekuriteit na die Gemeenskapsdienste direktoraat te verskuif word; en
5. Dat daar voorsiening gemaak word in die Sekuriteitsplan dat die selfone en skootrekenaars van die Raadslede en Senior bestuur kan funksioneer tydens fase 8 of gedurende 'n "blackout". **BESTUURDER: ADMINISTRASIE EN REGSONDERSTEUNINGS-DIENSTE**

***

**BKN032/05/2023**
**VIERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: (DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE) ELEKTRISITEITS AKSIE PLAN GEDURENDE BEURTKRAG**
**9/1/2**

*Sien notulering by item BKN031/05/2023*

***

**BKN033/05/2023**
**VYFDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: DIAGRAM TO INDICATE THE INTERACTION BETWEEN THE RISK COMMITTEE AND OTHER ASSURANCE PROVIDERS**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

That the Executive Mayoral Committee approves the diagram which indicate the interaction between the Risk Committee and other Assurance providers and recommend it to Council for consideration and approval.

***

**BKN034/05/2023**
**STATUS VAN BEHUISINGSPROJEK SANDSTRAAT, PIKETBERG EN ST CHRISTOPHER STRAAT, LAAIPLEK, VELDDRIF**
**17/5/2/1**

Die Hoof: Behuisingsadministrasie lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat die tender vir interne dienste goedgekeur is en dus in-proses is. Daar is ‘n gebrek aan kommunikasie en beplanning met die bewoners van die huisies.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy bekommernis rakende die stadige spoed waarteen die proses verloop.

Die Hoof: Behuisingsadministrasie meld dat sy ‘n implementeringsverslag by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Dinsdag 30 Mei 2023 sal voorlê, rakende die status van die drie (3) behuisingsprojekte (Eendekuil, Porterville en Piketberg) vir bespreking.

**HOOF: BEHUISINGS-ADMINISTRASIE**

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat die Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur moet gaan kyk by die toekomstige spesifikasie-prosesse met die aankoop van wendyhuise met spesifieke verwysing na die grootte en prys.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad die begroting van R3 500 000 goedkeur; en
2. Dat die Raad kennis neem van die status en beplanning van die projek

***

**BKN035/05/2023**
**UPDATED PUBLIC AMENITIES BY-LAW**
**1/4/1**

Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na ‘n regstelling in die aanbeveling.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That the updated Public Amenities By-Law attached hereto as Annexure A in the report be approved for public approval and be submitted to Council for final approval; and

2. That the administration be tasked with the duty to process the by-law for promulgation in the relevant provincial gazette.

***

**BKN036/05/2023**
**IMPLEMENTERINGSPLAN VAN BEHUISINGSPROJEKTE IN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**17/5/2/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in en versoek ‘n implementeringsplan rakende die volle proses van die huidige behuisingsprojekte met verwysing na datum wanneer die bou van huise ‘n aanvang sal neem en wanneer die oorhandiging sal plaasvind.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing om die infrastruktuurontwikkelingsplan deel te maak van die werkswinkel. Daar word verder versoek dat Tegniese Dienste en die Beplanningsafdeling die werkswinkel bywoon om insette te lewer asook dat die nodige kommunikasie rakende dienste deurgegee word aan die Uitvoerende Burgemeester.

Raadsheer De Vries versoek dat die beplanning van ontwikkeling in Bergrivier Munisipale gebiede by die toepaslike staande komitees voorgelê word en versoek dat enige behuisings prosesse na die Tegniese Dienste staande komitee verwys word ter inligting.

**BESLUIT**

1. Dat ’n werkswinkel met die Speaker, Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Wyksraadslede en onderskeie amptenare gehou word om die behuisingspyplyn goed te keur;

2. Dat die konstruksieplanne vir die interne dienste voorgelê word by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Dinsdag 30 Mei 2023; en

3. Dat die werkswinkel plaasvind voor einde Augustus 2023 ten einde die inligting te inkorporeer in die “Spatial Development Framework” (SDF).

**DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE**

***

**BKN037/05/2023**
**BERGRIVIER KOÖRDINERING VERGADERING NOTULES**
**17/5/1**

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem van die inhoud van die notules.

***

***(Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite en Hoof: Behuisingsadministrasie verlaat die vergadering om 11:30)***

**BKN038/05/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 02 MEI 2023**
**9/1/2**

**Die bekommernis rakende die Kapitaal en konsultante fooie wat verloor word in die aanstel van konsultante:**

Geen bespreking

***

***(Die Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste sluit om 11:45 aan by die vergadering).***

**BKN039/05/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 02 MEI 2023**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, spreek sy misnoeë uit rakende items wat verwys is van die Tegniese Dienste Komiteevergadering na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en nie op die agenda geplaas word nie.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die proses van die agenda van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**BESLUIT**

Dat die onderskeie Portefeulje Voorsitters die Uitvoerende Burgemeester in kennis stel indien daar items is wat op die agenda van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee moet wees ten einde ‘n volledige agenda te voorsien.

***

**BKN040/05/2023**
**SLUITING VAN VOETPAD: ERWE 2965, 2966 & 2967 PORTERVILLE (VOETGANGER DEURGANG TUSSEN PROTEASTRAAT EN DJ PEARCE LAAN)**
**PTV. 2965, 2966 & 2967**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

Die Voorsitter meld dat daar ‘n Raadsbesluit geneem is rakende ‘n omheining van “clear view” by Kellystraat en versoek hy dat die implementering en finalisering daarvan die nodige aandag geniet.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat daar voortgegaan word met die implementering van Raadsbesluit RVN017/11/2022 van 29 November 2022, omrede die voetganger deurgang tans veiligheid en wetstoepassing probleme inhou wat ’n direkte negatiewe impak het op die veiligheid en sosiale welstand van lede van die gemeenskap.

***

**BKN041/05/2023**
**<u>LEASE AGREEMENT: VELDDRIF YACHT CLUB ON ERF 486, VELDDRIF</u>**
**7/1/3/2; V.486**
**(‘n Vervangende aanbeveling word ter tafel gelê)**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

**(*Die foto’s rakende die herstel van Velddrif Yach Club word visueel vertoon).***

Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Korporatiewe Dienste.

**<u>RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL</u>**

1. That the Municipality, in terms of the MFMA, does not require the premises for municipal purposes;
2. That the lease agreement with the Velddrif Yacht Club be renewed from 1 October 2023, for a period of 9 years 11 months at R100 (VAT incl.) per year, based on the same terms and conditions as previously applied; and
3. That the Municipality's intention to lease a portion (±3000m² in extent) of Erf 486, Velddrif to the Velddrif Yacht Club be made known to the public.

***

**BKN042/05/2023**
**<u>IMPLEMENTATION OF MUNICIPAL STAFF REGULATIONS: APPROVAL OF POLICIES: TALENT MANAGEMENT & RETENTION, MENTORING & COACHING, TRAINING & DEVELOPMENT AND SCARCE SKILLS</u>**
**2/B**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item kortliks in.

Die Voorsitter versoek dat die laaste twee jaar se uitdienstrede onderhoude (“exit interviews”) aan hom voorsien word ten einde hom te vergewis van die inhoud.

**BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE**

Speaker spreek sy bekommernis rakende die skaarsvaardigheid in die elektriese afdeling met spesifieke verwysing na die identifisering van die werknemers vir die skaarsvaardigheid in die herstel en koppeling van kabels.

Voorts versoek die Voorsitter dat die Munisipale Bestuurder en Direkteure ‘n behoeftebepaling maak in hul onderskeie direktorate rakende werknemers en hul opleidingsbehoeftes ten einde hul ’n geleentheid te bied om hul te kan bevorder na ‘n meer senior posisie.

**MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKTEURE**

**<u>RESOLVED</u>**

That the following policies, attached as Annexure A in the agenda, be approved by the Executive Mayoral Committee:

**MANAGER: HUMAN RESOURCE SERVICES**

1. Talent Management & Retention Policy (new);
2. Mentoring & Coaching Policy (new);
3. Training & Development Policy (revised);
4. Scarce Skills Policy (revised).

***

**BKN043/05/2023**
**<u>BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 03 MEI 2023</u>**
**9/1/2**

Geen bespreking

***

**BKN044/05/2023**
**<u>AFSKRYF VAN OU BALANSE OM FINANSIËLE STATE TE FINALISEER – JUNIE 2023</u>**
**5/15/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Raad kennis neem van die verslag; en
2. Dat die Raad die afskrywings goedkeur van item 1 tot item 2 omdat daar geen transaksies gedurende die afgelope twee jaar op die posnommers plaasgevind het nie:

a) Item 1: R2 483 407.88; en

b) Item 2: R20 000.00.

***

**BKN045/05/2023**
**<u>MONTHLY BUDGET STATEMENTS: MARCH 2023</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

**<u>RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL</u>**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for March 2023.

***

**BKN046/05/2023**
**<u>MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORTS: MARCH 2023</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

**<u>RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL</u>**

That Council take note of the March 2023 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000).

***

**BKN047/05/2023**
**<u>BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 03 MEI 2023</u>**
**9/1/2**

Geen bespreking.

***

**BKN048/05/2023**
**AANSTELLING VAN DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE HOOF FINANSIËLE BEAMPTE VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

Op navraag van Raadslid Daniels rakende die versoek van die Direkteur Finansiële Dienste om sy kennisgewingtydperk te vervroeg gee die Munisipale Bestuurder kortliks terugvoer rakende die proses wat gevolg word en die kennisgewingtydperk wat vereis word by Senior Bestuur.

Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Finansiële Dienste rakende die redes vir die versoek vir ‘n korter kennisgewingtydperk.

***(Die Direkteur Finansiële Dienste word verskoon van die vergadering vir bespreking van die item.)***

‘n Bespreking vind plaas rakende die risiko’s verbonde daaraan om sonder ‘n Direkteur Finansiële Dienste te wees vir ‘n langer tydperk. Die aspekte wat gelei het om die versoek te rig asook die waarneming van een van die Bestuurders in die Finansiële Dienste direktoraat vir Junie 2023 te moet oorweeg ten einde te verseker dat die Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur vir die tydperk vanaf Julie tot 30 September 2023 waarneem (soos per goedgekeurde Waarnemingsrooster.)

**BESLUIT**

1. Dat die Munisipale Bestuurder die versoek vanaf die Direkteur Finansiële Dienste om die kennisgewingtydperk te verkort na een (1) maand goedkeur, met voorwaarde dat hy Bergrivier Munisipaliteit van hulp moet wees indien daar oudit navrae gerig word vanaf die Ouditeur-Generaal;
2. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die vulling van die vakature vanaf 01 Julie 2023 (of spoedig moontlik daarna) aanbeveel na die Raad vir goedkeuring;
3. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die implementeringsplan goedkeur;
4. Dat die konsep advertensie oorweeg word aan die hand van alle relevante wetgewing en goedgekeur word vir advertering in die geïdentifiseerde media;
5. Dat die samestelling van die paneel aanbeveel word aan die Raad soos hierbo aangedui in paragraaf 6 van die item; en
6. Dat beide vakbonde (SAMWU en IMATU) versoek word om teen Vrydag 9 Junie 2022 hul verteenwoordiger (een per vakbond) te benoem en in skrif deur te gee aan die Munisipale Bestuurder.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad kennis neem van die bedanking van die Direkteur Finansiële Dienste en die onmiddellike vulling van die vakature goedkeur (so spoedig as moontlik); en
2. Dat die Raad die samestelling van die aanstellingspaneel goedkeur soos aangedui in paragraaf 6 in die item wat soos volg lees:

"In terme van die Regulasie bestaan die Aanstellingspaneel vir ‘n Direkteurspos (artikel 56) uit die volgende persone:

**MUNISIPALE BESTUURDER**

6.1 Die Munisipale Bestuurder: Adv Hanlie Linde

6.2 Lid van die Burgemeesterskomitee verantwoordelik vir die funksie (Finansies), wat tans Raadslid Daniels is.

6.3 'n Eksterne persoon met relevante kennis en vaardighede (expertise) Die Munisipale Bestuurder het die CFO van Swartland, mnr. Mark Bolton, versoek om deel van die paneel te wees (soos voorheen).

'n Versoek in hierdie verband aan die Munisipale Bestuurder van die Swartland Munisipaliteit is gestuur en is goedgekeur.

Bo en behalwe die bogenoemde wetlike vereiste paneellede, word ook aanbeveel dat:

6.4 Die Uitvoerende Burgemeester *ex officio* deel uitmaak van die aanstellingspaneel (observerend);

6.5 Dat elke ander politieke party verteenwoordig in die Raad 'n lid van die Staande Komitee van Finansies kan afvaardig om observerend deel te neem aan die proses; en

6.6 Dat beide die amptelike vakbonde verteenwoordig in Bergrivier Munisipaliteit, naamlik SAMWU en IMATU, genooi word om 1 verteenwoordiger elk te benoem om observerend deel te neem aan die proses."

***

***(Die Direkteur Finansiële Dienste sluit aan na afloop van bespreking van bogenoemde item.)***

**BKN049/05/2023**
**<u>VOORLEGGING VAN 'N KONSEP HUUROOREENKOMS VIR DIE BESTUUR EN ADMINISTRASIE VAN DIE BESIGHEIDSKORWE MET INGANG 1 JULIE 2023 TE PORTERVILLE EN PIKETBERG</u>**

Die Hoof: Strategiese Dienste lei die item breedvoerig in.

Op navraag van Raadslid Daniels rakende indien daar enige onwettigheid plaasvind by die stalletjies meld die Munisipale Bestuurder dat die Hoof: Strategiese Dienste seker maak dat die nie-nakoming van die beleid deel uitmaak van die huurooreenkoms.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die reëls soos geskryf deur die Gemeenskapsdienste direktoraat inkorporeer word in die Informele handelsbeleid, asook die bestuur van die stalletjies en wat toelaatbaar is en dit voorlê by die volgende Ekonomiese Ontwikkelingskomitee vir verwysing na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad die konsep huurooreenkoms goedkeur; en
2. Dat die nuwe huurooreenkoms vanaf 01 Augustus 2023 in werking tree met die voorgestelde huurtydperk soos uiteengesit in die kontrak.

***

**BKN050/05/2023**
**<u>BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGS KOMITEEVERGADERING: MAANDAG 08 MEI 2023</u>**
**9/1/2**

Geen bespreking.

***

**BKN051/05/2023**
**<u>NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME</u>**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN052/05/2023**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:49***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***